1/14 pages

430.04.2

# ʼn SOSIOLOGIESE PERSPEKTIEF VAN DIE NUWE GRONDWETLIKE BEDELING IN DIE R S A

S.A. SOSIOLOGIESE VERENIGING 19 JANUARIE 1984 BLOEMFONTEIN

DR. F. VAN ZYL SLABBERT

## INLEIDING

(1) Volgens die agenda is hierdie die 4de en laaste sosiologiese perspektief op die nuwe grondwetlike bedeling. So ʼn perspektief probeer om vanuit ʼn bepaalde analitiese vertrekpunt helderheid te bring op die probleem van orde en stabiliteit, of die variant daarvan, proses en verandering in ʼn samelewing.

(2) Tradisioneel is hierdie probleem aangepak vanuit twee breë analitiese benaderings - die sogenaamde "konsensus" of "konflik" benaderings. In die een benadering word middelpuntsoekende prosesse en instellings ge-identifiseer en word oorkoepelende waardes en saambindende gedragspatrone beklemtoon. In die ander is dit juis middelpuntvlietende prosesse en instellings en botsende en uiteenlopende belangegroepe en gevestigde belange wat die aandag geniet. Ook die nuwe grondwetlike bedeling kan vanuit hierdie twee perspektiewe bekyk word.

(3) Te dikwels egter word hierdie twee benaderings as onderling uitsluitend of selfs weersprekend deur hulle voorstanders voorgehou en verval die uiteenlopende analises in ʼn ideologiese strydpunt waarin botsende wêreld en lewensbekouings teenoor mekaar afgebie word.

2 / .....

So 'n tydverdryf, glo ek, het met 'n sogenaamde "sosiologiese perspektief" bloedweinig te make.

(4) Dit stem tot intellektuele nederigheid as onthou word dat daar geen aanvaarde onweerlegbare algemene teorie in die sosiologie of enige geesteswetenskap is nie; ook dat dit onwaarskynlik is dat dit in die afsienbare toekoms tot stand sal kom. Daarom is dit onvanpas en onvolwasse dat ons mekaar gaan staan en verskreeu in die naam van 'n wetenskaplike sekerheid wat net nie bestaan nie. Wat ons mekaar kan bring is perspektiewe - minder of meer duidelik gestel; minder of meer verhelderend en wat minder of meer nuwe ondersoeke stimuleer. En wanneer ons mekaar se perspektiewe aan mekaar voorlê laat ons dankbaar wees as die een die ander nie :-

- met skolastisisme of konseptuele oordadigheid probeer be-indruk deur toutologieë as verklarings aan te bied nie; of

- sedeprekies as analises voor te hou nie; of selfs erger.

- ander se pogings weg te relativeer in terme van 'n stel waardevoorkeure wat as 'n sogenaamde "objektiewe raamwerk" ingekleë word nie. Ek glo dit is in alle gevalle beter om 'n mens se waardevoorkeure te verklaar en dat ander dan poog om vir mens uit te wys hoe dit 'n mens se sosiologiese perspektief beinvloed. In die verband staan ek voor u as politikus wat poog om ook 'n sosiologiese perspektief te stel en behoort hierdie taak nie vir enige iemand hier te moeilik te wees nie.

3 / .....

ŉ ANALITIESE VERTREKPUNT

My eie benadering tot die probleem van stabiliteit en verandering veral met betrekking tot lande met breedweg dieselfde prolematiek as Suid-Afrika is om nie dogmaties te kleef aan die aannames van of die konsensus of konflik benadering nie maar om insigte van beide te gebruik ten einde gewenste politieke doelwitte te ondersoek en te verwesenlik. Verder is ek oortuig dat daar ŉ interafhanklike of wederkerige verhouding tussen konflik en konsensus in enige samelewing is en dat die werklike toedrag van sake empiries getoets kan word eerder as wat hulle analities of logies uitgemaak kan word. Met ander woorde, daar bestaan ŉ omgekeerde verhouding tussen die omstandighede wat konsensus en konflik bewerkstellig en hulle kan by wyse van empiriese analise ge-identifiseer word. Die algemene aanname is dat hoe groter die omstandighede vir konflik hoe geringer die moontlikheid van konsensus en omgekeerd, konsensus bestaan wanneer ŉ kompromis deur die kompiterende partye in die algemeen vir die doeleindes van samewerking aanvaar word, terwyl konflik beteken dat ander metodes vir die beslegting van geskille nagestreef word waar een of meer partye van mening is dat hulle eie belange uiteindelik oor almal sal seëvier of deur almal as onvermydelik aanvaar sal word. Die verhouding tussen konsensus en konflik in ŉ samelewing kan oorwegend ekonomies, maatskaplik of polities van aard wees, of aldrie hierdie vlakke betrek. Die struktuur waarbinne hierdie verhouding tussen konflik en konsensus hom afspeel is gewoonlik een van minder of meer skaars hulpbronne en instellings en die relatiewe toegang wat belangegroepe het om hulle te gebruik.

Vanuit hierdie analitiese vertrekpunt kan ons vergelykend te werk gaan en empiries probeer vasstel wat die moontlikheid van konsensus of konflik in verskillende soorte samelewings is.

Watter kategoriserings ons gebruik, hang grotendeels af van ons vraagstelling eerder as enige ontologiese of substantiewe eienskappe van die samelewings onder bespreking. So kan ons praat van 3de Wêreld samelewing, of Eerste Wêreld, Industrieël teenoor nie-Industrieël, Westers teenoor Oosters, Noord teenoor Suid, ensovoorts. Ons kategorisering is die gevolg van die feit dat ons 'n bepaalde eienskap oorbeklemtoon en dit hanteer as 'n veranderlike wat moontlik 'n invloed kan uitoefen op die vraag wat ons tot probleem verhef het. In hierdie geval - die geval van "'n Sosiologiese perspektief" - die probleem van orde en verandering in die samelewing.

SUID-AFRIKA : 'n PLURALE SAMELEWING

Wat Suid-Afrika betref verkies ek om die verhouding konsensus/ konflik te ondersoek deur Suid-Afrika te kategoriseer as 'n plurale samelewing. Dit beteken dat ek van mening is dat die onderskeidende kenmerk van 'n pluraliteit van rasse en etniese groepe 'n beduidende uitwerking het op die verhouding tussen konflik en konsensus in ons land. Dit beteken hoegenaamd nie dat ek dink dat klasse verskille in die Marxistiese sin of status verskille in die Weberiaanse sin glad nie van betekenis is nie. Inteendeel, die addisionele teenwoordigheid van groepe met irrasionele en sogenaamde "primordiale lojaliteite" verleen 'n nuwe dimensie aan juis klasse en status verskille in plurale samelewings.

Op vergelykende vlak is ander plurale samelewings, byvoorbeeld, Lebanon, Sirie, Israel, Sudan, Sipres, Ierland, Nigerië, Switserland, België, Kanada, ens. Die sentrale politieke probleem in die verhouding tussen konsensus en konflik is die van dominasie van een groep oor ander of andere. Dit is nie dominasie in die sin van 'n demokratiese meerderheid of 'n koalisie van party politieke groepe wat tydelik oor andere regeer totdat die demokratiese proses nuwe meerderhede of koalisies skep nie : Dit is dominasie in die sin dat 'n groep met toegestrewe kenmerke - ras, etnisiteit, Godsdiens, taal, oor ander groepe domineer op so 'n wyse dat die bevoorregte groep 'n lewensstyl geniet wat die direkte konsekwensie van hulle dominasie is en waar die verlies van die dominante posisie direkte en onmiddellike implikasies het vir hulle bevoorregte lewensstyl.

Die kritieke vraag ten opsigte van 'n sosiologiese perspektief oor hierdie problematiek is of dit moontlik is om ordelik te verander weg van een groep se dominasie sonder dat 'n ander groep 'n nuwe patroon van dominasie vestig ? Indien wel, vergroot die moontlikheid van konsensus in plurale samelewings; indien nie, dan die omgekeerde.

PATRONE VAN DOMINASIE IN PLURALE SAMELEWINGS

Vanuit die vakliteratuur is dit duidelik dat dominasie in plurale samelewing nie 'n eendimensionele verskynsel is nie. Daar is verskillende dominasie verhoudings en patrone van dominasie met verskillende tussenkomende veranderlikes wat die aard van dominasie beïnvloed.

So word onderskei tussen meerderheids dominasie waar die primordiale groep 'n demografiese meerderheid is en in 'n dominante verhouding staan tot 'n minderheid of minderhede. Byvoorbeeld die Jode teenoor Arabiere in Israel, Protestante teenoor Katolieke in Noord-Ierland, ens. Daarteenoor het ons minderheidsdominasie waar 'n primordiale groep wat 'n demografiese minderheid is, domineer oor 'n meerderheid of 'n groep minderhede. Byvoorbeeld, Sirië, Burundi, Suid-Afrika. In Lebanon het ons na die disintegrasie van 'n konsosiatiewe struktuur 'n hewige stryd om 'n nuwe patroon van dominasie gevestig te kry. Daar is interne partye wat glo dat 'n nuwe magsbalans tot die herstel van konsosiasie kan lei maar dat eksterne inmenging dit verhoed en 'n onwillekeurige partisie op Lebanon afdwing.

Hoe dit ookal sy, dit is duidelik dat daar betekenisvolle verskille bestaan op verhoudings en ideologiese vlak tussen meerderheids en minderheidsdominasie.

6 / ....

Die tussenkomende veranderlikes wat hierdie patrone kan beïnvloed is, byvoorbeeld die volgende :-

(a) Die ervaring van bedreigdheid aan die kant van die dominante groep.

(b) Die graad van relatiewe ontbering aan die kant van die gedomineerde groep of groepe.

(c) Die peil van ekonomiese ontwikkeling van die samelewing.

(d) Die toegang tot tegnologiese vaardigheid aan die kant van die dominante of gedomineerde groepe.

(e) Die internasionale gevoeligheid of blootstelling van die samelewing.

(f) Die strategiese belangrikheid van die samelewing in die wyer internasionale konflik.

(g) Die graad van tradisionalisme tussen en in groepe in die samelewing.

(h) Die numeriese balans tussen minderheids groepe en ook die hoeveelheid groepe wat daar bestaan.

(i) Die verhouding tot naburige state.

(j) Die beheer oor media en inligting aan die kant van die dominante groep, ens. ens.

Dit is in die wisselwerking tussen al hierdie veranderlikes dat ons by die analise van dominasie in plurale samelewings moet probeer verstaan waarom :

'n Massamoord in Uganda en Burundi minder internasionale opslae maak as 'n dood in aanhouding in een van ons tronke; of

Die Ierse Republikeinse Leer meer dikwels en op groter skaal stedelike terreur bedryf in een van die oudste hoofstede van een van die langdurigste demokrasieë in Europa as die A.N.C. in Johannesburg; of

Minderjarige kinders met handgranate en masjiengewere in die strate van Beirut kan losbrand op vermeende teenstanders; of

'n Elf persent minderheid in Sirie daardie samelewing met 'n ysterhand kan regeer en ook onontbeerlik is vir 'n oplossing in Lebanon en vrede in die Midde-Ooste.

POGINGS OM DOMINASIE DIE HOOF TE BIED

Die feit dat dominasie die sentrale probleem rondom orde en verandering en ook konsensus en konflik in plurale samelewings is, het gelei tot verskillende pogings om hierdie probleem die hoof te bied. Die volgende kan ge-identifiseer word :

(a) Volksmoord of fisiese uitroeiing

(b) Slawerny

(c) Assimilasie

(d) Partisie

(e) Ko-optasie

(f) Konsosiasie

Hierdie pogings moet in verband gebring word met die tussen-komende veranderlikes hierbo genoem, asook met die patrone van minder- of meerderheidsdominasie om toetsbare veralgemenings te kan maak oor die probleem van dominasie in plurale samelewings en die impak wat dit kan hê op die verhouding tussen konflik en konsensus. So sou 'n mens kon argumenteer dat 'n bedreigde dominante minderheid in 'n samelewing met 'n swak ontwikkelde ekonomiese infra-struktuur en 'n bevolkingsamestelling bestaande uit 'n veelvuldigheid van gedomineerde minderhede wat tesame die posisie van die dominante minderheid bedreig, geneig sal wees om partisie as oplossing vir die probleem van dominasie voor te hou. Daarteen sal 'n bedreigde dominante meerderheid met 'n hoogs ontwikkelde ekonomiese infra-struktuur en 'n dominante posisie in internasionale verhoudings, assimilasie van minderhede as oplossing vir die probleem van dominasie voorhou. Of so iets. In elk geval dit is die aard van die "sosiologiese perspektief" wat ek op die "grontwetlike bedeling" van toepassing wil maak.

<u>DIE NUWE GRONDWETLIKE BEDELING</u>

Voordat ons "die bedeling" van naderby bekyk, glo ek dat dit belangrik vir die doeleindes van duidelike gesprek is dat u moet verstaan wat die verskille tussen assimilasie, partisie, ko-optasie en konsosiasie vir my is.

(a) Assimilasie beteken dat die dominante groep dit moontlik maak vir die gedomineerde groepe om op dieselfde basis as wat geld vir die dominante groep in die samelewing ge-intigreer te word. Byvoorbeeld, die Israelifikasie van die Arabiere in Israel, die verEngelsing van die Afrikaner onder Milner, ens. As Assimilasie suksesvol is verdwyn die probleem van dominasie, maar meer dikwels bied 'n gedomineerde minderheid weerstand teen pogings tot assimilasie.

(b) Partisie is feitlik selfverklarend. Daar moet egter 'n duidelik onderskeid getref word tussen eensydige en bi-laterale of multi-laterale partisie. Laasgenoemde twee moontlikhede mag wel 'n oplossing bied. vir die probleem van dominasie mits alle partye tevrede is met die regverdigheid van die verdeling en hulle die steun van hulle onderskeie volgelinge kan mobiliseer. Eensydige partisie beteken eenvoudig dat die dominante groep alleen besluit waar die grenslyne getrek word of die ander daarvan hou of nie. Dit onderstreep slegs die probleem van dominasie; dit los dit nie op nie.

(c) Ko-optasie beteken dat die dominante groep eensydig die voorwaardes vir deelname van ander groepe neerlê sonder dat die dominante groep se posisie van beheer en oorheersing fundamenteel aangetas word. Die kenmerk van ko-optasie is dat lede as deel van 'n groep geko-opteer word en nie as individue ge-assimileer word nie. Trouens dit is 'n voorwaarde van ko-optasie dat die groeps identiteit van die groep, soos deur die dominante groep gesien, gehandhaaf word. Assimilasie wil juis kollektiewe mobilasie en mobiliteit verhoed terwyl ko-optasie dit eensydig voorskryf. Ko-optasie is slegs 'n variasie van dominasie, geen oplossing daarvoor nie.

(d) Konsosiasie is 'n demokratiese verhouding tussen groepe in 'n plurale samelewing wat op 'n vrywillige/ongedwonge manier deelneem aan die politieke struktuur en waarin onderhandeling en kompromisse plaasvind tussen die leiers van hierdie groepe op so 'n manier dat geen een groep die ander of anders domineer nie. Daar is 'n algemene aanvaarding dat dominasie nie geduld mag word en dat dit kan lei tot die ineenstorting van die konsosiasie.

Die wese van politieke besluitneming is onderhandeling, konsensus en onderlinge veto. Bekende sosiaalwetenskaplikes wat hierdie benadering voorstaan is Lijpaard, Daalder en Hanf. Konsosiasie word as idiaal tipe voorgehou vir die oplossing van dominasie in plurale samelewings.

Gegee hierdie onderskeidings is dit insiggewend om weereens die eerste verslag van die presidents Raad wat in 1982 ter tafel gelê is na te gaan. Paragraaf 4.36 beskryf die "Komitee se Keuse" kortliks as partisie vir die Swartes en "konsosiasie-demokrasie" vir die Kleurlinge, Asiërs en Blankes (p 42). Die nuwe grondwet van die Republiek van Suid-Afrika wat in 1983 deur die Parlement aanvaar is, gee wel gehoor aan partisie vir die Swartes, maar toon feitlik geen ooreenkoms met die konsosiatiewe model (soos gekonseptualiseer deur Lijpaard), vir Kleurlinge, Blankes en Asiërs nie. Trouens wat partisie betref, is dit doodeenvoudig 'n geval van eensydige partisie en word algemeen aanvaar dat dit nie die probleem van dominasie die hoof bied nie. My besware teen die nuwe grondwetlike bedeling is al by herhaling tydens die Referendum veldtog gestel. Ek glo hulle is nog steeds geldig, maar is nie van plan om hierdie geleentheid te gebruik om hulle weer te stel nie. In elke geval hierdie is nie 'n politieke vergadering nie, maar 'n geleentheid waar ons rustig "sosiologiese perspektiewe" vergelyk.

Gesien vanuit die hoek van dominasie is die nuwe grondwetlike bedeling 'n poging van 'n bedreigde minderheid om deur middel van ko-optasie die probleem van dominasie die hoof te bied; dit los dit nie op nie; dit verander slegs die styl en kwaliteit daarvan.

## <u>VAN REPRESSIEWE DOMINASIE TOT KO-OPTIEWE DOMINASIE : MOONTLIKHEDE EN UITDAGINGS</u>

Die verskil tussen die vorige bedeling en die nuwe een wat die Kleurling en Indiërs betref, kan vasgevat word in die verskil tussen wat ek sou wou noem <u>repressiewe</u> en <u>ko-optiewe</u> dominasie. In eersgenoemde geval was daar 'n doelbewuste uitsluiting van die sentrale besluitnemingstruktuur. Dit was repressief in die sin dat die Kleurling of Asiër geen deelname hoegenaamd aan die sentrale besluitnemingsprosesse gehad het nie.

Die nuwe bedeling maak dit moontlik vir hulle om deel te neem sonder dat die posisie van formele beheer van die dominante minderheid aangetas word. Wat die Swartes betref bly die probleem van dominasie grootliks onveranderd.

Dit is onvermydelik dat die nuwe bedeling 'n dinamiek gaan ontketen wat nuwe moontlikhede en uitdagings gaan stel aan diegene wat daarin ingesluit is, asook diegene wat daarvan uitgesluit is. Dit is juis 'n kenmerk van plurale samelewings dat groepe met uiteenlopende en botsende belange met mekaar op die politieke terrein kompiteer ten einde hulle onderskeie doelstellings te verwesenlik. Hieraan het die nuwe bedeling geen verandering gebring nie en dit is by herhaling gestel deur gedomineerde groepe dat 'n gemeenskaplike doelstelling bly om van dominasie weg te kom. Vanuit die posisie van die dominante minderheid is ko-optasie 'n poging om minderheidsgroepe te betrek om te help met die politieke administrasie van die sisteem sonder om dit wesentlik te bevraagteken. Vanuit die geko-opteerde minderhede sē posisie is dit 'n geleentheid om hulle eie doelstellings na te streef afgesien van die bedoelings van die dominante minderheid. Hierin lê die spanning waarin nuwe moontlikhede en uitdagings gaan ontstaan. Wat is sommige van hierdie moontlikhede en uitdagings ? :-

(1) Kan ko-optasie moontlik 'n oorgang wees tot volwaardige konsosiasie, of dit finaal uitskakel vir Suid-Afrika ?

(2) Wat is die moontlikheid van onderhandelingspolitiek in 'n situasie van ko-optiewe dominasie ? Sonder voorafgaande onderhandeling kan daar geen konsensus wees nie.

(3) Wat is die moontlikhede vir tradisionele opposisie in 'n situasie wat wegbeweeg het van 'n rasiese verskanste Westminister sisteem na een van ko-optiewe dominasie ?

(4) Watter moontlikhede vir bedinging en konflikbeslegting bly oor vir Kleurling, Asiër en Blanke groepe wat nie bereid is om geko-opteer te word nie ?

(5) Kan die suksesvolle ko-optasie van Kleurlinge en Asiërs lei tot druk vir nuwe ko-optiewe strukture vir Swartes ?

Die objektiewe struktuur van die nuwe bedeling bied geen antwoorde op hierdie vrae nie en die antwoorde sal gevind word in die politieke prosesse wat deur die werking van die nuwe bedeling ontketen gaan word. Terwyl hierdie sommige van die moontlikhede en uitdagings is van die bedeling is daar gevaartekens wat hierdie moontlikhede en uitdagings daadwerklik kan beinvloed. Byvoorbeeld -

(1) Die groeiende polarisering tussen Swart en nie-Swart en die versterking van 'n strategiese en ideologiese solidariteit onder Swartes.

(2) Die formele en gedwonge rasse en etniese groepstrukturering van die nuwe bedeling. Groepskompitisie is die onderskeidende kenmerk van plurale samelewings en die nuwe bedeling bestendig hierdie kenmerk eerder as wat dit, dit meer vloeibaar maak.

(3) Die gebrek aan doeltreffende grondwetlike meganismes vir Swartes in die stedelike sentra waarmee hulle behoorlik polities kan beding.

(4) Die toenemende militarisering van ons binnelandse situasie wat bedinging en konsensus politiek bemoeilik en 'n gevoel van bedreiging en laerpolitiek verskerp.

(5) Die onvoldoende ekonomiese groeikoers wat dit toenemend moeiliker gaan maak om die probleme van verstedeliking, werkloosheid en plattelandse verarming die hoof te bied.

TEN SLOTTE :

Ek het gesê een van die uitdagings en moontlikhede sny direk aan op die posisie van die tradisionele amptelike opposisie in die Parlement. Miskein is dit van pas dat ek in my "sosiologiese perspektief" op hierdie politieke noot eindig. Ek wonder dikwels of die gemiddelde kieser besef watter konstitusionele grondverskuwing daar plaasgevind het toe ons wegbeweeg het van Westminister soos hy bestaan het na die nuwe bedeling. Wat ookal die gebreke van die ou bedeling, en hulle was noemenswaardig, was dit polities meer neutraal as die nuwe een. Met ander woorde, die nuwe bedeling is veel meer die weerspieling van die basiese aannames van 'n dominante politieke party se beleid as die ou een. Die wese van ko-optasie is dat partye wat deelneem geen keuse het om dit te doen anders as op die voorwaarde wat bepaal is deur die dominante minderheid nie.

So sal dit dan ook wees wanneer die nuwe bedeling werklikheid word en ek het klaar gesê ons sal daaraan deelneem. Die nuwe bedeling sê bloedweinig oor die formele status, pligte en voorregte van opposisie partye in enige van die kamers. Ook hier sal die daadwerklike politieke proses nuwe konvensies moet skep. Hierdie konvensies sal ongetwyfeld die resultaat wees van die wisselwerking tussen dié wat regeer en dié wat opponeer.

Wat ookal die uiteinde, ek glo as opposisie moet ons daar in, om te probeer

- om onderhandelingspolitiek te bevorder

- om dominasie nog meer te bekamp

430 . D4.2



- om polarisasie tussen ras en etniese groepe teen te werk

- om 'n laer mentaliteit en 'n gevoel van permanente bedreiging te besweer en teen te staan.

Hoe suksesvol ons gaan wees, sal die tyd wel leer. Dat dit wenslik is om te probeer, het ek geen twyfel oor nie. Tussen wenslikheid en moontlikheid lê die avontuur van politieke deelname. Die nuwe bedeling het ongetwyfeld 'n nuwe avontuur begin rondom die ou probleem van dominasie in plurale samelewings. Die soek na meer konsensus en minder konflik duur voort.

--- oOo ---